

Skriflesing: Gal 5:25-6:10

Tema: Help mekaar

Iewers het ek die volgende gelees:

'n Man is op 'n toer na die hel geneem. Hy kon sy oë nie glo nie ! 'n Wonderlike feesmaal word voorgesit met rustige musiek wat in die agtergrond speel, blomme op die tafels, kerse wat orals brand en watertand disse. Maar toe hy mooi kyk, sien hy al die mense is maer, skree van die honger en is onvriendelik met mekaar. Die rede ? Hulle arms is styf wat maak dat hulle nie die heerlike kos by hulle monde kan uitbring nie.

Net toe word die man weggevoer na die hemel. Tot sy verbasing lyk alles presies dieselfde as in die hel. Daar is ook 'n wonderlike feesmaal, heerlike kos, pragtige strelende musiek, blomme en kerse. Maar die mense is gesond en vrolik en lag en gesels met mekaar. Wat is die verskil ? Die mense in die hemel voer mekaar.

Die verskil tussen hemel en hel is mense wat mekaar help.

Die Here leer vanoggend vir ons in die gelese gedeelte dat gelowiges mekaar help. Natuurlik moet ons hulp ook uitvloei na ongelowiges, maar dit begin hier tussen ons onderling. Hiervandaan kring hulp uit soos 'n klip wat in die water gegooi word.

Ons word opgeroep om op 4 maniere vir mekaar te help:

1. Ons moet mekaar reghelp.

Ons as kinders van die Here val almal soms in sonde. Hoe reageer ons op iemand wat in sonde val? Baiekeer skinder of veroordeel ons. Geesvervulde mense tree nie so op nie. Soos Jesus, help ons mekaar in 'n gees van sagmoedigheid reg. Ons het verlede week gesien dat Hy 'n vriend van tollenaars en sondaars is. Hy help die vrou wat van owerspel aangekla word en die misdadiger aan kruis om maar twee te noem.

Wat beteken dit om iemand wat in sonde geval het, reg te help? Ek moet opreg belangstel in so 'n persoon. Ek moet bid vir en saam met die persoon wat in sonde geval het en hom of haar terugnooi na die kring van medegelowiges.

2. Ons moet ons nie met mekaar vergelyk nie.

Ons vergelyk onself so graag met ander. En dan vergelyk ons nie net ons aardse goed nie. Ons vergelyk ook op geestelike vlak. Hoe maklik dink ons dat ons darem nie soveel sonde soos die ander persoon doen nie. Of ons is meer betrokke by die kerk of woon meer eredienste by. Daarom dink ons dat ons beter as ander is.

As iemand Hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself. Daarby moet ons altyd onthou dat wat en wie ons is, net genade is.

Om jou eie lewe te ondersoek en te beoordeel is 'n saak tussen jou en die Here. Dit is nie belangrik wat ander mense van jou lewe dink of hoe jou lewe met ander vergelyk nie. Wat belangrik is, is wat die Here van jou lewe dink.

Jy is nie goed as jy ander vind wat slegter as jy is nie. Jy is goed as die Here tevrede is met jou lewe.

En as jy jou wil vergelyk, vergelyk jouself met Christus. Hy is ons volmaakte rolmodel .

3. Ons moet mekaar se laste dra. So gee ons uitvoering aan die wet van Christus.

In die gemeentes in Galasië is dwaalleers wat gelowiges verwar. Hulle verkondig dat hulle 'n klomp godsdienstige reëls en regulasies moet gehoorsaam om verlos te word.

Die Here leer vir ons dat ons verlos word deur te glo in Jesus Christus. 'n Verlose mens is 'n Geesge vulde mens. Die Heilige Gees rus ons toe om die wet as God se wil vir ons lewens te gehoorsaam.

Gehoorsaamheid aan die wet beteken liefde vir God en liefde vir mekaar . 'n Geesge vulde mens fokus nie meer op hom- of haarself nie, maar op God en ander mense. Hierdie mense is in die eerste plek medegelowiges.

Ons dra mekaar se laste. In die eerste plek moet ons mekaar se geestelike laste dra. Ek kan nie iemand anders se sonde dra nie. Maar ek kan saam met so 'n persoon bid. Ek kan vir so 'n persoon wys hoe 'n lewe wat nie meer deur sonde beheer word nie, lyk en ek kan iemand help om deur skuldbelydenis van hul sondelas ontslae te raak.

Ander laste wat ons moet help dra is goed soos eensaamheid, siekte, armoede, ouderdom, stukkende verhoudings en bekommernisse.

4. Ons moet ook die vrug van die Gees gaan saai

Wat jy saai, sal jy maai. Dit is presies wat hier staan.

Ons sondige natuur se neiging is om aan ander te doen wat hulle aan jou doen. As hulle goed doen, doen jy goed terug. As hulle kwaad doen, doen jy kwaad terug. As jy aan hierdie gedrag toegee, saai jy die saad van jou sondige natuur. Jy hou jou besig met sonde en sal dood maai.

Die Heilige Gees stel jou instaat om jou gedrag nie te laat bepaal deur wat ander aan jou doen nie, maar deur wat die Here wil hê. En hier spel Hy uit wat Hy wil hê. Vanuit 'n lewende verhouding met die Here, doen goed aan megelowiges terwyl jy nog kan! Dan ontvang jy lewe en dit in oorfloed.

Afsluiting

Ek sluit af met 'n vraag waarom elkeen hier moet besluit: Gaan ons dit vir mekaar hemel of hel op aarde maak?

Amen